Geliefde Lourensrivierder

Ek tik hierdie Nuuskrummel met ‘n stukkie hartseer wat iewers in my binneste rondkriewel, want dis ons laaste geselsie voor die jaar eindpunt toe hol. Tog is daar ook ‘n heerlike opgewondenheid en afwagting van heerlike sonskyndae, rus, vrede vir ons siel en kosbare tyd met geliefdes♫

Sondag word die eerste kers van die Adventskrans aangesteek (meer inligting oor Advent is op ons Webtuiste beskikbaar: http://www.lourensrivier.co.za/index.php/kerkseisoene, alternatiewelik kan ek dit ook per epos vir jou aanstuur, so laat weet my as jy belangstel).

Heel van pas, is ons Fokusteks uit 1 Korintiërs♫♫ en op Sondag, die kerklike nuwejaarsdag steek ons dan ook die kers van HOOP aan. In 1 Korintiërs 1 gee die skrywer aan Jesus Christus die eer as die Een wat ons altyd laat vasstaan tot op die dag dat Hy weer kom. In die Markus evangelie word ons daaraan herinner dat ons nie weet wanneer die dag en die uur van die wederkoms is nie, daarom moet ons elke dag so leef asof dit vandag kan wees. Beide Jesaja 64 en Psalm 80 is pleidooie vir God om die chaos van die wêreld raak te sien en tog gou te kom en tot ons redding te verskyn.

En as jy sal onthou het ek laas Donderdag met jou teksverse gedeel oor God wat getrou bly aan ons, al is ons ontrou en deur hierdie belofte soveel HOOP bring.....
Wel kyk bietjie wat staan in die laaste vers van hierdie week se Fokusteks, 1 Kor 1:9 “GOD IS GETROU, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.”

Ek glimlag maar net en wéét dat dit net God is wat dit so kan bewerkstellig♫ Hoeveel keer moet Hy dit nog sê voordat ons Hom glo? Mag hierdie belofte ‘n verskil maak in ons woestyndae en vreugdedae wat volg en maak dat ons ***anders*** leef omdat ons ‘n belofte van HOOP het om aan vas te klou..... ‘n Belofte gemaak deur DIE EEN wat vir ewig Sy beloftes hou en NOOIT jok nie!

My gebed vir julle in hierdie wonderlike Kerstyd en met 2018 wat voorlê is Paulus se gebed vir die Korintiërs: “Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!”
Carpe Diem, Seize the Day, Gryp die Dag aan! Wees veilig en kom veilig terug♫

NUUSKRUMMELS: 30 NOVEMBER 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR

DINAMIET KIEDZ AFSLUITING: Sondag, 3 Desember

Ons nooi alle kindertjies om hul Talente en Gawes met ons te kom deel!!♫♫

Mammas en Pappas word ook vriendelik uitgenooi om by te woon♫

Gaan loer asb ook op ons FB na al die vrolike foto’s en videogrepe wat deur die kwartaal geneem is:
https://www.facebook.com/DinamietKiedzbediening/

SENDINGWERK:
Ons sendelinge in Mosambiek keer binnekort terug vir hulle rusperiode. Baie dankie vir julle ondersteuning en gebede die afgelope jaar aan hulle.

Andre en Anna-Marie Thiart (Quionga)
Bid vir 'n veilige reis na Suid Afrika en dat hulle die ruskansie sal geniet.

Niehan en Carmen Koekemoer (Mosambiek Geletterdheid Milange)
Hulle vlieg Maandag 11 Desember vanaf Blantyre en keer dan permanent terug na Suid Afrika. Bid vir 'n veilige vlug en ook vir nuwe uitdagings met hulle nuwe beroepe

INSIGGEWENDE INLIGTING BESKIKBAAR:
Bybel-Media dra die boodskap van die Bybel uit deur soveel as moontlik beskikbare media. Dit vervaardig produkte van hoë kwaliteit om gelowiges geestelik toe te rus en mense met die evangelie van Christus te bereik. Verder voorsien dit in die mediabehoeftes van die kerk.
Hier is 'n paar skakels om na te gaan kyk:

- http://mema.bybelmedia.org.za/
- http://mema.bybelmedia.org.za/kortfilms/
- http://apps.bybelmedia.org.za/ (hierdie app bevat liedere van die Liedboek)
  Die Liedboek van die Kerk sluit die liedere wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) en die Nederduitsch Hervormde Kerk (NHK) gesing word, in.
  Psalm 1-150; Liedboek-liedere 151-602; Belydenisskrifte; Liturgiese formuliere
  Sleutelkenmerke: Luister na opnames van liedere; skep, stoor en stuur sanglyste; gevorderde soekfunksie met drie sleutelwoorde, verstelbare kleurskema en teksgrootte

NUUS UIT DIE GEMEENSKAP:

GELOFTEDAG/VERSOENINGSDAG-VIERINGE TE GOEDEVERWACHTING ESTATE, SIR LOUWRY'S PASS: 16 DESEMBER 2017 @ 10h00
Opelug kerkdiens sal om 10h00 begin. Kollekte sal gaan vir welsyn van diere gedurende die brande. Bring u eie stoel/sambreel en piekniek mandjie. Verversings sal beskikbaar wees.
Indien enige persoon belangstel om 'n stalletjie die dag te doen, kontak ons by susan@gvwestate.co.za of 061 458 5234.

HUIS ESPERANZA



Snoekterte: R70 (onmiddellik beskikbaar)
Wildspasteie: R75/700g
en R35 vir R300g

BERG 80 VERJ: DES ’17 & JAN ‘18

LET WEL:

Ouderdom op lys is die huidige ouderdom tensy verjaarsdag al verby is.

Erasmus	Rassie	12/04	82
Le Roux	Roelf	12/05	86
Jooste	Andre	12/07	87
Pienaar	Emmie	12/08	81
Strauss	Lorna	12/08	81
Dippenaar	Bobbie	12/10	87
Minnie	Louis	12/18	81
Le Roux	Noreen	12/19	88
Roux	David	12/19	82
Le Roux	Sannie	12/21	80
Van Deventer	Dillie	12/23	82
Du Toit	Wiesie	12/24	80
Van Den Heever	Christina	12/30	83

Bower	B	01/01	94
Nieuwoudt	Elbie	01/04	88
Goldie	Martie	01/09	86
Bester	Gerrit	01/11	81
Baard	Daneta	01/14	87
Botha	Miems	01/23	80
Esterhuyse	Pieter	01/24	81
Claassens	Marjorie	01/26	88
Dippenaar	Willem	01/30	82

KNIEWERK:

- Ons bid vir die boere wat swaarkry, ons waterkrisis asook vir vrede, regverdigheid en eerlike leiers.
- Kankerbehandeling: Paul Louw
- Ons innige meegevoel met Wilmien & James Wallis met die heengaan van eggenoot en pappa Owen. Mag Jesus julle vertroos en toevou in Sy liefde in hierdie tyd.
- Veiligheid op paaie en vrede in harte
- Christa Olivier se suster (probleme met sig en ontvang bestraling

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 3 DES SE BOODSKAP: 1 Kor 1:3-9

(EERSTE WEEK IN ADVENT)

Die "Nuwejaarsvieringe" van die kerklike jaar onderstreep die geleentheid om nuut te begin, om die verhaal van God Drie-enig se betrokkenheid by die geskiedenis van voor af te hoor. In die komende weke sal die evangelie van Jesus Christus met blydskap opklink en gevier word in gemeentes reg rondom die aardbol. Te midde van al hierdie liefde en warmte word Christene herinner dat die Kersevangelie ook kom na gemeentes wat nie ten volle uitdrukking gee aan God se roeping en beloftes nie. Ons word geroep tot eenheid, heiligheid, toewyding en diens met die gawes wat ons ontvang het. Ons word geroep om in eenheid saam te leef en te aanbid. Soos die Korintiërs skiet ons altyd tekort, soms minder en soms (soos die Korintiërs) baie meer! Dalk het Paulus se klem op die wonderlike genade wat God skenk 'n paar Korintiërs diep laat bloos. Die voorlees van die brief in Korinte kon diep skaamte veroorsaak. Hulle hoor van die rykdom van God se genade wat alle gawes skenk, en dink aan die twis wat die verskillende gawes onder hulself veroorsaak. Hierdie woorde kan ook dieselfde effek in ons lewens hê. Ons kan ook bloos. Die detail kan verskil. Dit is dalk 'n bouprojek wat die gemeente diep verdeeld gemaak het. Dalk sukkel ons om sommige gelowiges se roeping en gawes na waarde te skat. Baie gemeente worstel met "worship wars" waarin ons snedig na mekaar se musikale voorkeure kan verwys. Die Heilige Gees beweeg ons om die lof van God te besing, en dan gebruik ons die lofprysing om mekaar by te kom en verdeeldheid te saai. Advent fokus op die eerste koms van Jesus na die aarde. Dit berei ons voor op die eerste koms van die Seun van God. Advent het ook 'n tweede fokus: op die tweede koms van Jesus. Advent is soos 'n dubbelloop haelgeweer. Daarom fokus Advent op blydskap oor die eerste koms asook op die verwagting, uitsien na, die tweede koms. Paulus skryf dit ook in vers 7 aan die Korintiërs: die uitsien na die verskyning van Jesus (tweede koms) is deel van die genade wat God aan ons skenk. Dit skep hoop in ons. Terwyl ons gekonfronteer bly met ons eie sondigheid en ons gebrokenheid, leef die verlangende uitsien na die volmaakte herstel van alle dinge in ons harte. Advent hou dit lewend. **Adventyd is bestekopname-tyd.** God het vir ons 'n nuwe identiteit en roeping gegee. Hoe vaar ons met die uitleef daarvan? Waarvan moet ons ons bekeer? Waartoe moet ons ons bekeer? Advent verander ons van harte.

Chris Tomlin & Lauren Daigle - NOEL: Klik op skakel https://www.youtube.com/watch?v=5Vwu-t7QRaE

OORGEE, OMGEE, AANGEE

Jackie@Lourensrivier